

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
25 Februarie 1979

Onderwerp: Droogte  
Dag van verootmoediging

Lees: Jeremia 14 verse 1 tot 10 en 20 tot 22

Teks: Jeremia 14 vers 8

Sing: Psalm 42 verse 1 en 6  
Gesang 40 verse 2 en 6  
Gesang 302

“Die Bybel is ’n wonderlike boek. Die profesie van Jeremia is uitgespreek honderde jare voor die geboorte van die Here Jesus. En tog as ons dit vandag lees, pas dit só in die tyd waarin ons lewe, dat dit net sowel hier en nou van toepassing kon gewees het.

“Die Woord van die HERE het tot Jeremia gekom weens ’n groot droogte. En in ons teksgedeelte was daar sprake van ’n noodtoestand.

“Wat kan plant, dier en mens meer in sy greep kry as ’n uitmergelende droogte? Dit kan sulke afmetings aanneem dat dit ’n nasionale bedreiging word. En dit was só ’n toestand wat die profeet in sterksprekende taal beskryf het. Nie net die diere is getref nie, maar ook die mens. Die landsman was verslae. Die landbouers het in die skande gekom en het hulle hoofde in rou bedek. Die ramp het ook nie by die stedelinge verbygegaan nie: ‘Juda treur en sy poorte verval; hulle sit in rou op die grond, en die geskreeu van Jerusalem gaan op. En die vernames onder hulle stuur hulle ondergeskiktes na die water; hulle kom by die bakke, hulle kry geen water nie; leeg kom hulle kanne terug; hulle het beskaamd gestaan en in die skande gekom en bedek hulle hoof.’ (Jer 14:2,3)

“Die nood het hierdie mense op hulle knieë gebring. En dit is opvallend dat Jeremia in sy beskrywing van hierdie noodtoestand sondermeer in ’n gebed oorgegaan het: ‘Hoewel ons ongeregtighede teen ons getuig, o HERE, doen dit om u Naam ontwil; want ons afkerighede is baie, ons het teen U gesondig.’ (Jer 14:7)

“Só beklemtoon ons teks die mens se volstreekte afhanklikheid van God in hierdie saak: ‘O Verwagting van Israel, sy Verlosser in tyd van benoudheid! (Jer

14:8) Só is God aangeroop. Die volk het nie 'n ander toevlug geken nie. Die saak was nog veel dringender en meer regstreeks beklemtoon: 'Is daar onder die nietige afgode van die nasies wat reën kan maak? Of kan die hemel reënbuie gee? Is U dit nie, o HERE onse God? En ons wag op U, want Ú doen al hierdie dinge.' (Jer 14:22)

"Jesaja het geskryf: 'En Ek sal dit 'n wildernis maak: dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar opskiet met dorings en distels; en Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie.' (Jes 5:6) As God die wolke gebied om nie te reën nie, staan die mens magteloos. Só het die volk van God dit ondervind.

"Daar was droogtes van die vroegste tye af. Die Bybel meld dit op meer as een plek. Só was dit in Jeremia se tyd en só is dit ook nou hier by ons. En hoe goed verstaan ons dit nie ook hier in ons eie land nie. Ons ken die harde taal van die droogte. Hoe dikwels het die HERE nie juis droogtes gebruik om ons op ons knieë te bring nie? En vandag is dit nie anders nie.

"Die mens het wonderlike vooruitgang op wetenskaplike gebied gemaak. Ongelooflike ontdekkings is gemaak. Ons dank die HERE daarvoor, want per slot van sake is dit ook maar gawes uit die hand van God. Alle dinge is sy knegte, ook en veral die mens: 'Volgens u verordeninge bly hulle vandag *nog* staan, want alle dinge is u knegte.' (Ps 119:91) Maar reën kan ons nie maak nie.

"Die Woord van die HERE leer en die ondervinding bevestig dat daar maar een beproefde metode in hierdie verband is. En dit is om na die voorbeeld van Elia tot God te bid. (1 Kon 18) Ook in hierdie benoudheid is die HERE ons Verwachting en Verlosser. Ons mag waarlik met groot vrymoedigheid na die HERE gaan, want so het Hy dit in sy Woord bevestig.

"God is 'n hoorder van gebed, soos keer op keer bevestig in die Bybel. Iemand het treffend en tereg gesê, dat as 'n mens met God worstel in die gebed, loop dit in die reël daarop uit, hoe ongelooflik dit ookal klink, dat God die swakste is en toegee. Die waarheid is, en daarby staan en val ons, dat God hoor en gebed verhoor.

"En tog was dit nie Jeremia en sy volksgenote se ondervinding nie. God het hierdie mense nie verhoor nie. 'n Mens bespeur selfs 'n mate van verwyf in Jeremia se woorde: 'Waarom sou U wees soos 'n vreemdeling in die land en soos 'n reisiger wat uitdraai om te vernag?' (Jer 14:8)

“Die beeld wat Jeremia hier gebruik het, is interessant. Baie reisigers het jaarliks langs die groot verkeersroete deur Palestina gegaan. Hulle het daar deur getrek sonder om met die inwoners van die land vertrou te raak. Hulle het vir eie betaling onderdak gesoek, maar in die mense van Palestina het hulle nie belanggestel nie.

“Jeremia se mense het God toe as só ’n vreemdeling bestempel. Hy was wel onder hulle, en tog het dit gelyk asof Hy hulle verlaat het. Dit het gelyk asof Hy geen belangstelling en meelewing in hulle sorg, node en behoeftes gehad het nie. Hy was hulle verwagting; en tog was Hy soos ’n man wat verslae was, soos ’n held wat nie kon verlos nie.

“Het u nie ook al só gevoel nie? Aan die eenkant het ons al die beloftes van God, dat Hy ’n hoorder van gebed is. Aan die anderkant bid ons en hoor en verhoor Hy skynbaar nie. Dit lyk asof Hy ’n vreemdeling vir ons is, asof Hy onverskillig teenoor ons staan. Waarom antwoord Hy nie? Waarom lyk dit asof Hy in hierdie situasie magteloos is?

“Die rede hiervoor was nie dat die HERE vir hulle soos ’n vreemdeling in die land was nie. Nee, die ware toedrag van sake was, dat die volk ’n vreemdeling by God was. Die volk het agteruitgegaan en het geword soos ’n vreemdeling en ’n reisiger teenoor God.

“Dit was hierdie mense se voorreg om by God in te woon; om kinders van die Hemelse Vader te wees; en om gedurig met Hom om te gaan. Maar die Vaderhuis het vir hulle te eng geword. Hulle het verkies om te swerwe agter ander gode aan. Hulle het vervreem in hulle verhouding tot God. Slegs as daar nood was, as gevaar gedreig het, het hulle soos reisigers en vreemdelinge in die nag ’n heenkome by God kom soek. Daarna het hulle weer weggegaan.

“Die rede vir God se swye lê dus nie by Hom, die Hoorder van gebed nie, maar by die bidders. Want daar is gebede wat nie meer gebede is nie.

“Laat ons onself ondersoek. Het ons nie ook vreemdelinge by God geword nie? Is daar nie vele onder ons wat God net in nood ken nie? En as ons Hom in nood gesoek het, vaar ons daarna maar weer die wêreld in.

“Daar was dors by Jeremia se mense. Maar dit was ’n dors na water en nie na die Lewende God nie. Is dit nie ook vir ons waar nie? God is ’n Hoorder van gebed. Maar dan moet dit ’n gebed in gees en waarheid wees

en in alle opsigte uit die hart kom. Dit is beter om Hom te nader met 'n woordelose hart as 'n hartelose woord.

“Laat ons na God gaan in die Naam van Jesus Christus en Hy sal ons verhoor, ja meer as wat ons ooit kan bid, verwag of verdien.

“Amen.”

Kommentaar:

God is nie net die God van Wiskunde, Fisika, Chemie, Biochemie, Fisiologie en Biologie nie. “God is liefde.” (1 Johannes 4 verse 8 en 16)

Wat is liefde? Dit is moeilik om te definieer, maar selfs 'n hond weet wat dit is. Hy waai sy stert as hy liefde kry.

God het in sy liefde hierdie hele heelal geskep met die doel om ons te maak. En Hy kom sê vir jou: Ek het jou geskep en Ek het jou lief. Ek het aarde toe gekom om aan die kruis in jou plek te betaal vir alles wat jy verkeerd gedoen het en nog sal doen. So kan Ek, die God van Geregtigheid, my verhouding met jou herstel en jou red. En Ek doen dit vir jou gratis, uit genade alleen, sonder enige teenprestasie van jou kant af. Al wat jy moet doen is om my verhouding met jou te aanvaar.

Besef jy hoe waardevol dit is om 'n persoonlike verhouding met die Skepper van die heelal te hê?

